KERS27

Ons Wit Kersfeestoer



DATUM
14 Desember 2027 – 27 Desember 2027

AANTAL DAE
14

TOERPRYS
R70,000

WISSELKOERS €1 = R19,00

ENKELBYLAAG R13,500

Reisprogram

Kom ontdek hierdie besondere toer saam met Winskoop Toere. Hieronder volg die dag-tot-dag reisprogram.

DAG 1

Ons Kersfeestoer begin al op O.R. Tambo Lughawe waar die opgewonde toerlede bymekaarkom! Ons vertrek na Wene in Oostenryk. Ons kry etes en drankies tydens al die vlugte. (Beperkte aantal retoervliegkaartjies vanaf Kaapstad op aanvraag beskikbaar.)

DAG 2

Ons arriveer op Wene se lughawe. Hier wag ons luukse bus reeds op ons. Hierdie gerieflike bus bly ons s'n tydens ons hele Kersfeestoer. Ons vertrek van die lughawe af na Bratislava, die hoofstad van Slowakye. Hier beleef ons die uniekheid van hierdie land se Kerstyd. Ons besoek eerstens hulle pragtige Kersmark en daarna geniet ons vrye tyd in Bratislava se ou stad.
Later neem ons bus ons na Wene waar ons die volgende twee nagte in 'n gerieflike hotel tuisgaan.





DAG 3

Vanoggend begin ons met 'n interessante stadsbesigtigingstoer van Wene. Hierna het ons die hele dag vry in die pragtige ou stad. Die artistieke en intellektuele nalatenskap van die stad is gevorm deur sy bekende inwoners, o.a. Mozart, Beethoven en Sigmund Freud. Die stad is ook bekend vir sy keiserlike paleise, insluitend Schönbrunn, die Habsburgers se somerwoning. In die Museumkwartiere vertoon historiese en kontemporêre werke van Egon Schiele, Gustav Klimt en vele ander kunstenaars.
Jy het vandag geleentheid om die menigde Kersmarkte en van hierdie museums te besoek. Vanaand eet ons aandete by die Heuriger waar Beethoven graag besoek afgelê het.

DAG 4

Ons groep vertrek vanoggend na Hallstatt. Op pad stop ons in die pragtige Dürnstein, ‘n dorpie bekend vir sy blou barok-kerktoring.
In Hallstatt – een van die allermooiste dorpies – geniet ons ‘n bootvaart, stap rond en jy kan ‘n gesellige koffiewinkel besoek! Hierna ry ons na Bad Reichenhall waar ons vanaand gaan slaap.



DAG 5

Na ontbyt neem ons bus ons na Eugendorf waar ons ‘n heerlike perdekoetsrit geniet. Later ry ons na Salzburg en besoek die ou stad. Ons ontmoet ons gids vir ‘n besigtigingstoer deur die stad. Ons geniet vrye tyd in hierdie sprokiestad waar Mozart gebore is. Laatmiddag ry ons dan terug na ons hotel in Bad Reichenhall waar ons saam aandete geniet.

DAG 6

Vanoggend vertrek ons na die pragtige hoofstad van die Tirool, Innsbruck, waar ons die Kersmark se liggies bewonder tydens vrye tyd. Ons ry later verder na Oberammergau waar ons die volgende twee nagte gaan oornag.





DAG 7

Vanoggend ry ons na die Zugspitze – die hoogste bergpiek in Duitsland. Ons ry met die kabelkar tot bo in die berge. Daarbo is lieflike restaurante waar ons oor die sneeu kan uitkyk. Hier beleef ons tipiese sneeu soos die Europeërs dit geniet!
Na ons heerlike oggend in die berge besoek ons die Ettal-klooster. Ons slaap weer in Oberammergau oor.

DAG 8

Ons vertrek vanoggend na die lieflike Bodensee. Ons spandeer eers tyd in die skilderagtige Lech. Dan besoek ons verskeie dorpies rondom die Bodensee waar die Kers-atmosfeer teen die agtergrond van dié meer jou meesleur. Ons geniet ‘n bootvaart en besoek Lindau. Daarna vertrek ons na ons hotel in Konstanz waar ons oornag.



DAG 9

Ons besoek vandag die universiteitstad Konstanz. Die Altstadt (ou stad) van Konstanz het baie ou geboue en kronkelende stegies. Die stadshorison word oorheers deur die Konstanz-katedraal, verskeie ander kerke en drie torings wat van die stadsmuur oorgebly het. Ons geniet die aand in ons hotel in Konstanz.

DAG 10

Vandag ry ons na die nimlike Swartwoud. Ons besoek die dorpie Triberg, wat ‘n transformasie ondergaan tydens Kersfees. Hiervandaan gaan ons Frankryk binne en besoek ons die Elsasgebied. Ons slaap die volgende twee aande in Colmar en ons groep geniet vanaand ons Oukersete saam in die hotel.





DAG 11

Ons spandeer hierdie lieflike dag in die imposante Strasbourg. Ons plaaslike gids vertel ons meer oor hierdie pragtige stad. Die Rynrivier vorm die grens tussen dié stad en Duitsland. Strasbourg het in 1988 sy tweeduisendste bestaansjaar gevier. Strasbourg is ‘n stad wat Kersfees behoorlik vier, met 13 Kersmarkte, die pragtige strate van Kleine Frankryk en menigde kerke om in jou vrye tyd te beleef. Ons groep geniet ‘n baie spesiale Oukersaand saam.

DAG 12

Dis Kersfees! In Colmar! Na ‘n rustige Kersontbyt in die hotel, het ons die hele dag vry om die vele straatjies, markte en winkeltjies (wat oop is op hierdie vakansiedag) te ontdek en geniet. Na ‘n lekker laat ontbyt het ons tyd om in Colmar te spandeer en vir oulaas inkopies by die Kersmarkte te doen. Vanaand geniet ons ‘n heerlike Kersaandete as groep.

DAG 13

Na nog ‘n heerlike ontbyt, val ons in die pad na Zürich om vanmiddag ons vlug terug na Suid-Afrika te haal. Ons land in Johannesburg. Nadat ons soveel gesien en beleef het, gaan ons nog jare lank die mooiste herinneringe hieraan koester!

DAG 14

Ons arriveer terug in Johannesburg en ons Wit Kersfeestoer kom tot ‘n einde.

WINSKOOPTOERE

Droom. Leef. Reis

Ons sien daarna uit om hierdie besondere reis saam met jou te beleef.

Ems +27 83 637 1542	**Ilzé** +27 83 637 1642	**E-pos** droom@winskooptoere.co.za